God drie-enig geopenbaar aan die mense wat Hy liefhet

Teks: Johannes 14: 22 - 31 en Sondag 8
Teksvers: Johannes 14: 25 & 26

1. Inleiding

In ons leerdiens vandag val die fokus op die leer van die drie-eenheid. En alhoewel dit vir my en jou wat dalk in die kerk groot geword het, basiese geloofskennis is dit nie so eenvoudig nie. Baie mense buite die kring van die gelowiges worstel met die idee van God drie-enig. Selfs splinter groepe binne die gelowiges dwaal soms sover af van hierdie leerstelling dat ons hulle nie meer erken gelowiges nie.

Ingebou in die leer van die drie-eenheid is natuurlik die Godheid van Christus. En daarom wanneer iemand dit verwerp kan ons hom/haar nie meer as ’n Christen gelowige beskou nie. Wanneer ’n groepering dit verwerp kan hulle ook nie meer as ’n Christelike kerk erken word nie. En daarom is hierdie een van daardie leerstukke wat baie weier aanhang het as net die Gereformeerde kerk.

Maar hierdie verhouding tussen drie persone van die drie-eenheid is steeds selfs vir ons as gelowiges iets wat bokant ons verstaansraamwerk is. Want hierdie verhouding van drie onderskei persone, is so saamgebind dat hulle net een God vorm. Een God met een wil. En dit is wat Christus dan ook openbaar aan die Apostels in ons teksgedeelte uit Johannes 14.

Ons kategismus afdeling vir hierdie preek is dan ook Sondag 8 wat die saak van die drie-eenheid onderstreep. En dit duidelik stel, dat dit nie maar bloot mensgemaakte teologie is nie. Dit is die manier waarop die Here homself in Sy Woord aan ons openbaar, aldus vraag 25. Kom ons luister hoe God geinkarneer as mens hierdie waarheid aan die mense rondom oordra tydens Sy bediening hier op aarde.

2. Die verhouding tussen die Seun en die Vader

Vir die mense rondom Christus is dit ’n vraagstuk hoe hy Hom net aan ’n sekere deel van die samelewing openbaar. En as ons mooi daaroor dink is dit nogal ’n vraag? Hoe gaan Christus wat tog as mens deur almal in daardie gebied op daardie tydstip in geskiedenis, waarneembaar en aanhoorbaar was. Hoe gaan Hy homself net aan sekere mense openbaar. Veral die feit dat ons ook in die skrif lees van groot skares mense wat juis na Jesus geluister het.

Die eenheid tussen die Vader en Christus lê in die wil van die Here. Vers 24 openbaar hierdie gedagte aan ons. Christus se woorde is niks anders as die Vader se woorde nie. Die unieke verhouding van die drie-eenheid bepaal dat Christus nie in stryd met die Vader kan optree nie. Die wil van die Vader word perfek deur Christus uitgeleef. Daarom kon Hy as mens natuurlik die volmaakte offer vir ons sondes bring. Juis omdat Hy die wil van die Vader nêrens oortree het nie.

Christus is gestuur na die aarde om God die Vader aan die mense te openbaar. In ons taal kan ons dit verstaan as ’n gesant wat afgevaardig word. Maar tog is daar soveel meer aan Christus. Hy is nie bloot net ’n gesant nie. In Sy wese is Hy in Godheid so aan die Vader verbind dat ons dit nie eers kan begryp nie. En daarom lê die waarskuwing teen dwaalleer juis hierin. In die woorde van Christus self in vers 23: “As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.”

Daarom wanneer ons bewaar dat ons aan iets in die geloof vashou wat skynbaar net van Christus of net van die Vader alleen af

kom, dan is ons besig met dwaalleer. Uiteindelik is dit natuurlik ook die manier waarop Christus homself net aan sekere mense openbaar. Hy word eintlik net geopenbaar aan die mense wat Sy woorde as waar aanvaar en dit ter harte neem.

3. Die verhouding tussen die Seun en die Gees

Nou is die volgende vraag of mense uit hulle eie oortuig word van die waarheid van hierdie woorde. En die kort antwoord hierop is: Nee. Want as ons mooi kyk wat in ons teksgedeelte, dan sien ons dat nie eers die Apostels. Nie eers hierdie klein intieme groepie mense wat omtrent heeldag in Christus se geselskap was op hierdie stadium, is heeltemal oortuig van die waarheid.

Maar alles is nie hopeloos nie. God self sal hierdie groepie mense oortuig van die waarheid. Die Heilige Gees is oppad volgens vers 25. En dit is Hy wat die mense sal oortuig. En die Heilige Gees gaan hierdie mense van niks anders oortuig as die woorde van Christus, wat soos ons reeds in punt 1 gesê het die woorde van God die Vader is. Kan u sien hoe drie-eenheid aan mekaar gebind is. En hoe die drie-eenheid mekaar nie kan weerspreek nie.

Ook hierin lê vir ons vandag die beskerming teen dwaalleer. Indien ons oortuig is dat die Heilige Gees vir ons ’n boodskap in stryd met die woorde van die Vader en die Seun gee, dan is dit nie die Heilige Gees nie. Dit kan per wese immers nie gebeur nie. Want selfs vir hierdie eerste generasie gelowiges. Ja selfs vir hierdie uitgekiesde groepie mans, is daar geen nuwe openbarings deur die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees sal hulle bloot herinner aan die woorde wat Christus reeds met hulle gespreek het.

Dit is vir hulle van kardinale belang, siende die roeping van hierdie mans. Want die vestiging van die Nuwe Testamentiese kerk is hulle verantwoordelikheid. En dit stop nie daar nie. Die opteken van die Bybel soos ons hom vandag ken, sou ook hulle verantwoordelikheid wees.

4. Ons verhouding tot God drie-enig

Die laaste punt waarby ons stilstaan in hierdie saak oor die drie-eenheid is die rol en posisie van die mens. Ons leef vandag in ‘n wêreld waar twee uiterstes van hierdie saak beklemtoon word. Die eerste is dat daar geen bonatuurlike bestaan nie. Daarom is die mens alles, is hy/sy die middelpunt van alles. En ook die hoogste setel van gesag. Dan ander uiterste is dat die gelowige mense self ‘n tipe godheid in homself het. En daarom is die hoogste setel van gesag ook in hom/haar. Duidelik is beide hierdie uitgangspunte dwaalleer.

Want ons teks vandag is tog duidelik oor hoe ons deel word en bly van uitgekiesde mense van die Here. Ons aanvaar die woorde van die Here as die waarheid. En daarom neem ons dit ter harte en leef dit dan ook uit, met ywer. Maar hierdie oortuiging van waarheid en selfs die ywer daarna kan nie uit die sondige mens self kom nie. Dit gebeur ook by ons net soos by die apostels in die eerste eeu. Dit is die Heilige Gees wat ons oortuig van ons verlossing in Jesus Christus. Dit is die manier waarop die Heiligmaking in Here in ons geskied.

Die verlossing wat die Here Jesus Christus vir ons bewerk is natuurlik die versoening met God die Vader, die skepper van alles. Dit is juis waaroor die vorige Sondagsafdelings gehandel het. Hoe die mens in opstand teen die skepper gekom het. Dit is nog steeds wat vandag gebeur in mense wat nie die woorde van die Here gehoorsaam nie. Iets soos wat ons reeds gesê deel van die menslike natuur is.

5. Slot

Soos ons reeds gesê het, is hierdie leerstelling oor die drie-eenheid van God die basis van geloof. Dit is waarop geloof gebou word. Daarom as dit skeef getrek word is die hele geloof wat daarop gebou word ook skeef. Want soos dit duidelik uit ons teks gedeelte geword het, is die belangrikheid vir ons die woord van die Here.

Dit is juis die woord van die Vader wat Christus aan die mense kom openbaar het. En dieselfde woord wat die Heilige Gees laat opgeteken het en steeds bevestig by uitverkiesing mense vandag. By die uitverkiesing van my en jou. Dit is steeds hoe die Here openbaar word as sekere mense, maar nie aan ander nie.

Laastens het ons die voorreg om gelei deur die Heilige Gees, hierdie God drie-enig aan ander mense te verkondig. Want alhoewel die Here Hom net aan sekere mense openbaar het ons steeds die opdrag om Sy woord aan almal te verkondig. Hy sal dan die geloof deur die Heilige Gees werk in die mense wat uitverkies is.

Dus is die laaste gedagte van hierdie preek die belang van die Woord van die Here. Want dit is op die aanhoor van die woord wat die Gees die geloof in ons werk. Daarom soos ons gesê het moet ons self gereeld die woord aanhoor. En ons moet ook self die woord verkondig aan ander mense. Sodat al die uitverkore mense die verlossing in die Here Jesus Christus kan ervaar. Verlossing wat versoening met God die Vader die skepper van alle dinge bring. Want dit is juis die proses van heiligmaking wat die Heilige Gees werk in mense. ’n Proses van voortdurende gehoorsaamheid aan die woord van waarheid.

Amen